

25 September

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 1:3-11

Getroos in swaarkry

Dit gebeur soms dat ons iemand wat swaarkry, gaan troos en dan self getroos terugkom. Waarom? Omdat ons verstom is oor die manier waarop so iemand sy/haar swaarkry dra. Die apostel Paulus was 'n sprekende voorbeeld hiervan. Op sy sendingreise het hy baie swaar deurgemaak, so erg dat hy soms seker was hy gaan dood (vs 8 en 9). 'n Mens sou verwag dat medegelowiges hom moes troos en bemoedig, maar in plaas daarvan troos hy hulle. Aan die Korintiërs skryf hy: “As ons verdruk word, is dit vir julle tot troos en redding” (vs 6). Sy swaarkry troos hulle. Nie die swaarkry self nie, maar dit wat in sy swaarkry duidelik word. Paulus se swaarkry het een ding duidelik uitgewys: hy is nie alleen nie. God is by hom. Paulus is nie op homself aangewese nie. Hy kan op God vertrou (vs 9). God sal hom red, selfs uit doodsgeware (vs 10). Hiervan oortuig, kon Paulus aanhou werk sonder om terug te deins.

Sy geloofsvertroue was in werklikheid 'n preek vir elkeen wat swaarkry. Daarom het die Heilige Gees hom daarvoor laat skryf, om die gelowiges in Korinte en alle gelowiges na hulle in tye van swaarkry te troos. Ook ons put troos en bemoediging daaruit, sodat ons die swaar in ons lewe met vertroue op God kan hanteer. En, deur sy genade, kan die manier waarop ons die swaar hanteer ook vir ander mense 'n troosvolle preek wees.

Sing: Psalm 46:1

Prof GJC Jordaan (Teologiese Skool Potchefstroom)